higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 2

20 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C		
	1.1.2	C		
	1.1.3	B		
	1.1.4	C		
	1.1.5	A		
	1.1.6	D		
	1.1.7	C		
	1.1.8	B		
	1.1.9	A		
	1.1.10	C		
			(10 × 1)	(10)
1.2	1.2.1	J		
	1.2.2	G		
	1.2.3	F		
	1.2.4	H		
	1.2.5	L		
	1.2.6	C		
	1.2.7	A		
	1.2.8	I		
	1.2.9	K		
	1.2.10	E		
			(10 × 1)	(10)
1.3	1.3.1	Onwaar		
	1.3.2	Waar		
	1.3.3	Waar		
	1.3.4	Onwaar		
	1.3.5	Waar		
	1.3.6	Waar		
	1.3.7	Onwaar		
	1.3.8	Waar		
	1.3.9	Onwaar		
	1.3.10	Waar		
			(10 × 1)	(10)
				[30]

VRAAG 2

2.1 Tekens van breinskade kan gedragsveranderinge soos die volgende insluit:

- probleme met geheue✓✓
- probleemoplossing✓✓
- emosionele regulering✓✓
- fisiese simptome soos hoofpyn of stuipe
- voel in 'n dwaal of asof in mis
- gedisoriëenteerdheid
- verwarring
- sukkel om te konsentreer
- stadiger inligtingsverwerking
- sukkel om nuwe inligting te leer
- sukkel om meer as een taak te hanteer
- kommunikeer op sosiaal onaanvaarbare maniere
- sukkel om aandag aan iets te skenk en konsentreer

(Enige DRIE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 3 × 2) (6)

2.2

- val-ongelukke✓✓
- motorongelukke✓✓
- sportbeserings
- werkplekongelukke waarby swaar masjinerie of voorwerpe betrokke is
- struikel
- voertuigongelukke
- openbare of huishoudelike geweld
- ontploffings
- sportbeserings en gevegsbeserings
- amper-verdrinking
- kindermishandeling

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

2.3

- Oefen en daag jou brein uit.✓✓
- Maak altyd seker dat jy jou kop beskerm.✓✓
- Leer om spanning en depressie te hanteer.
- Ontspan en slaap behoorlik.
- Gaan vir gereelde mediese ondersoeke.
- Moenie rook of onwettige dwelms gebruik nie.
- Moenie te veel koolhidrate eet nie.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

2.4
- Verstaan die impak: Onderwysers moet hulself ingelig hou oor die spesifieke uitdagings en implikasies van breinskade, met insluiting van die kognitiewe, fisiese en emosionele uitwerkings. Dit sal onderwysers help om hul onderrigstrategieë aan te pas en toepaslik ondersteuning te bied om in die student se behoeftes te voorsien.✓✓
- Geïndividualiseerde onderrig: Dit kan insluit om werksopdragte aan te pas, ekstra tyd of hulp te gee, en alternatiewe leermetodes te voorsien om te verseker dat die student effektiewe toegang tot die kurrikulum het.✓✓
- Bou 'n ondersteunende omgewing: Onderwysers kan 'n kultuur van aanvaarding, empatie en respek tussen klasmaats kweek, begrip bevorder en die stigma wat met gestremdhede gepaardgaan, verminder.
- Kommunikasie met ouers: Handhaaf oop en gereelde kommunikasie met ouers deur inligting oor die student se vordering te deel, bespreek enige bekommernisse of uitdagings en werk saam aan strategieë om die student by di skool en by die huis te ondersteun.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

2.5
2.5.1 Evaluering✓✓
2.5.2 Toepassing✓✓
2.5.3 Sintese✓✓
2.5.4 Kennis✓✓
2.5.5 Ontleding✓✓
2.5.6 Begrip✓✓

(6 × 2) (12)
[30]

VRAAG 3

3.1
3.1.1 Sarah✓✓
3.1.2 Emma✓✓
3.1.3 Jack✓✓
3.1.4 Liam✓✓

(4 × 2) (8)

3.2 Voelers (V): Hulle sal al die betrokke mense asook hul eie emosies in aanmerking neem.✓✓
Denkers (D): Hulle sal na die voordele en nadele kyk en dan 'n besluit neem.✓✓
OF
Voelers (V): Hulle sal mens se waardes in aanmerking neem en empatie toon.✓✓
Denkers (D): Hulle sal logika en feite gebruik.✓✓
OF
Denkers (D):
- Hulle hou daarvan om situasies te ontleed en oor die voordele en nadele te dink voordat hulle besluit.
- Hulle neem meer objektief besluite.
- Hulle fokus daarop om regverdig en konsekwent te wees.

- Hulle steun op reëls en bewyse, eerder as emosies.
- Denkers fokus meer op feite as gevoelens.
- Denkers is meer krities, gestruktureerd, analities en rasioneel.

Voelers (V):

- Hulle gee om oor hoe hulle keuses ander mense beïnvloed en probeer om eensgesindheid te skep. Voelers neem in aanmerking hoe mense voel en heg 'n hoë waarde op eerlikheid.
- Hulle beoog om ander te verstaan en eenstemmigheid te bereik.
- Voelers fokus skynbaar meer op gevoelens as op feite.
- Voelers neem besluite op 'n subjektiewe manier.
- Voelers hanteer probleme op 'n willekeurige en meer subjektiewe manier.
- Voelers is meer kreatief en emosioneel.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

3.3
- Bewaarders is betroubaar,✓✓ verantwoordelik✓✓ en pligsgetrou.
- Hulle waardeer standvastigheid, sekuriteit, tradisie en plig, speel 'n belangrike rol om orde en betroubaarheid in hulle gemeenskappe te handhaaf.

OF

- Praktiese ingesteldheid: Bewaarders is praktiese mense wat van standvastigheid/stabiliteit en tradisionele metodes hou. Hulle verkies bewese maniere eerder as om nuwe dinge te probeer.
- Betroubaarheid: Bewaarders is betroubaar geloofwaardig. Hulle neem hulle verantwoordelikhede ernstig op en probeer altyd hul bes doen.
- Pligsbesef: Bewaarders het 'n sterk verantwoordelikheidsgevoel teenoor ander. Hulle prioritiseer hulle verpligting en plaas dikwels ander se behoeftes bo hul eie.
- Ordelikheid: Bewaarders hou van orde en struktuur. Hulle waardeer georganiseerdheid en kan ongemaklik voel in slordige of onvoorspelbare situasies. Hulle hou by skedules en bekende roetines.
- Lojaliteit: Bewaarders is lojale vriende, familielede en kollegas. Hulle waardeer langtermynverhoudings en is verbind tot die ondersteuning en beskerming van hul geliefdes.
- Aandag aan besonderhede: Bewaarders is goed daarmee om details raak te sien. Hulle vaar goed met take wat presisie en akkuraatheid vereis en onthou dikwels belangrike feite en syfers.
- Respek vir gesag: Bewaarders respekteer gesag en tradisies. Hulle volg reëls en regulasies en kan ongemaklik voel om gevestigde norme en gesagsfigure uit te daag.
- Konserwatief: Bewaarders het gewoonlik konserwatiewe sienings. Hulle kan weerstand teen verandering bied en verkies om bekende roetines en tradisies te handhaaf.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

3.4 Deur praktiese aktiwiteite by die kurrikulum te voeg, kan onderwysers Vakleerling-leerders help om hulle kreatiwiteit, nuuskierigheid en praktiese vaardighede op betekenisvolle wyses te gebruik.

- Eksperimente en demonstrasies: Wetenskap-eksperimente stel Vakleerling-leerders in staat om begrippe in aksie te sien en by die materiaal betrokke te raak. Hulle kan dinge hanteer, waarneem wat gebeur, en gevolgtrekkings maak op grond van dit wat hulle vind.✓✓
- Projekgebaseerde leer: As studente projekte kry waarin hulle moet ontwerp, skep, of iets bou, help dit Vakleerling-leerders om hulle kreatiwiteit en probleemoplossingsvaardighede te gebruik. Projekte kan insluit om kuns te skep, prototipes te ontwerp, of modelle te bou wat verband hou met dit war hulle leer.✓✓
- Uitstappies en terreinbesoeke: Uitstappies na plekke soos museums, historiese terreine, of sakeondernemings bied Vakleerling-leerders ervarings in die regte wêreld. Hierdie uitstappies trek ‘n verband tussen dit wat hulle in die klas leer en praktiese toepassings.
- Rolspel en simulasies: Deur Vakleerling-leerders by rolspel of simulasies te betrek, kry hulle die geleentheid om verskillende scenario’s en komplekse idees te verken. Dit help hulle om aktief deel te neem, krities te dink, en hul sosiale vaardighede te verbeter.
- Praktiese demonstrasies: Deur vir Vakleerling-leerders deur middel van praktiese demonstrasies te wys hoe dinge werk, soos ‘n chemie-eksperiment of ‘n kunstegniek, help dit hulle om die onderwerp te verstaan en die materiaal te hanteer.
- Interaktiewe werkswinkels en werkstasies: Interaktiewe werkswinkels met verskillende aktiwiteite stel Vakleerling-leerders in staat om deur verskillende stasies te beweeg, wat aktiewe leer en verkenning teen hul eie tempo moontlik maak.
- Kreatiewe probleemoplossingsuitdagings: Deur vir Vakleerling-leerders kreatiewe uitdagings, legkaarte of raaisels te gee, word hulle aangemoedig om hulle kreatiwiteit en vindingrykheid te gebruik om oplossings te v ind. Hierdie uitdagings kan alleen of in groepe gedoen word en kan met verskillende vakke of praktiese situasies verband hou.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

3.5
- Ontvanklikheid vir nuwe ervarings✓✓
- Pligsgetrouheid✓✓
- Ekstroversie / Uitgaande persoonlikheid✓✓
- Aangenaamheid ✓✓
- Neurotisisme (of emosionele stabiliteit)✓✓

(5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 4

4.1
- Selfbewussyn is die bewustelike kennis van jou eie karakter, gevoelens, motiewe en begeertes.✓✓
- Self-awareness behels erkenning van jou eie sterk en swak punte, begrip vir ander se gedagtes en emosies, en erkenning van die invloed van jou gedrag op jouself en op ander.
- Selfbewussyn stel individue in staat om te besin oor hul optrede met verwysing na sosiale standaarde en ervarings, wat persoonlike groei moontlik maak en hulle in staat stel om meer ingeligte besluite te neem.
- Selfbewussyn is 'n basiese aspek van emosionele intelligensie, wat tot beter selfregulering en interpersoonlike verhoudings bydra.
- Selfbewussyn is die mate waarin 'n mens van jou eie bestaan bewus is, d.w.s. jou eie optrede en gedagtes.
- Selfbewussyn is om bewus te wees van wie jy is en hoe jy in bepaalde situasies sal reageer.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 1 × 2) (2)

4.2
- Selfbewussyn sal Stacy help om sukses in die lewe te behaal deur haar te leer om oor haarself te dink, ander te verstaan, en aan te hou groei.✓✓
- Persoonlike groei: Wanneer Stacy verstaan waarmee sy goed is en waaraan sy nog moet werk, kan sy groei en beter met dinge raak.
- Effektiewe kommunikasie: As sy van haar gedagtes en gevoelens bewus is, sal dit haar help om duideliker met ander te kommunikeer en beter verhoudings te bou.
- Besluitneming: As sy haarself verstaan, sal dit haar help om besluite te neem wat in ooreenstemming met haar waardes en doelwitte is, wat beter resultate tot gevolg sal hê.
- Emosionele regulering/beheer: As Stacy weet wat haar sekere gevoelens laat ervaar, sal sy spanning en probleme beter kan beheer, en kalm en sterk kan bly.
- Leierskapsvaardighede: As 'n leier, sal Stacy haarself beter kan verstaan, en ander mense se vertroue wen en wys dat sy vir hulle omgee, wat haar 'n beter en meer opregte leier sal maak.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 1 × 2) (2)

4.3
- Deur hierdie aktiwiteite te probeer, kan Stacy meer oor haarself leer en haar ervarings beter verstaan.✓✓
- Beoefen refleksie/besinning: Stacey moet tyd opsy sit om gereeld te dink oor haar dag en hoe sy voel. Om in 'n joernaal te skryf, kan haar help om haarself beter te verstaan.✓✓
- Bewustelike meditasie: Sy kan bewustelike meditasie ('mindfulness meditation') gebruik om deurentyd van die huidige oomblik bewus te bly. Dit help om gedagtes en gevoelens op te let sonder om dit te oordeel.
- Vra terugvoering: Vra vertroude vriende, familielede of onderwysers vir hul sienings oor wat sy goed doen en waarmee sy kan verbeter. Luister na hulle om te kan groei.

- Verken waardes en oortuigings: Stacy moet dink oor wat vir haar die belangrikste is. As sy weet wat haar waardes is, kan dit haar help om beter besluite te neem.
- Skenk aandag aan emosies: Stacy moet oplet hoe sy voel en probeer verstaan hoekom sy so voel. Dit help haar om te sien hoe haar emosies dit wat sy doen, beïnvloed.
- Beoefen empatie: Stacy moet probeer verstaan hoe ander voel deur haarself in hul posisie te plaas. Dit sal haar help om mense beter te verstaan.
- Gebruik persoonlikheidsevaluerings: Stacy kan vraelyste soos die Myers-Briggs voltooi om meer oor haar persoonlikheid te leer en hoe sy kan groei.
- Neem deel aan selfontdekkingsaktiwiteite: Doen aktiwiteite soos teken, musiek maak, of skryf om meer oor haar belangstellings en passies te leer.
- Kry professionele ondersteuning: Stacy kan met 'n terapeut of berader praat, wat haar kan help om haarself beter te verstaan en haar groei te ondersteun.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

4.4
- Selfmotivering dryf Stacy om na beter uitkomste te soek en nie op te gee nie,✓✓ wat haar aanmoedig om proaktiewe stappe te doen soos om oor haar studiegewoontes te besin om 'n meer suksesvolle benadering te vind.✓✓
- Onafhanklikheid: Stacy is selfgemotiveerd en maak dus nie staat op eksterne faktore om haar vorentoe te laat beweeg nie. Sy is selfgedrewe om tot aksie oor te gaan en haar doelwitte na te streef.
- Veerkragtigheid: Stacy is selfgemotiveerd en is dus beter toegerus om terugslae te bowe te kom. Sy het die innerlike dryfkrag om aan te hou selfs wanneer sy voor uitdagings te staan kom.
- Beter produktiwiteit: Omdat Stacy selfgemotiveerd is, sal sy hoër produktiwiteitsvlakke kan bereik. Sy word deur haar eie doelwitte en aspirasies voortgedryf, en sal dus meer waarskynlik gefokus bly en haar tyd doeltreffend benut.
- Persoonlike groei: Omdat Stacy selfgemotiveerd is, sal sy voortdurend wil leer en ontwikkel. Sy sal meer waarskynlik soek na geleenthede vir groei en ontwikkeling op verskeie terreine in haar lewe.
- Doelwitbereiking: Omdat sy selfgemotiveerd is, sal Stacy meer waarskynlik vir haarself doelwitte stel en dit bereik. Sy sal vasberadenheid en uithouvermoë aan die dag lê om struikelblokke te oorkom en tot haar doelwitte verbind bly.
- Positiewe ingesteldheid: Omdat Stacy selfgemotiveerd is, kweek sy 'n positiewe ingesteldheid. Sy word deur haar begeertes en passies voortgedryf, sal meer waarskynlik 'n optimistiese houding handhaaf, en benader uitdagings met 'n positiewe 'kan-doen'-houding.
- Bemagtiging: Omdat sy selfgemotiveerd is, is Stacy bemagtig om beheer oor haar lewe te neem. Stacy sal nie vir ander mense se toestemming of goedkeuring wag nie, Sy sal aktief haar lewe ontwerp.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

4.5 Terugvoering van onderwysers en haar portuurgroep kan vir Stacy insig in effektiewe studiestrategieë en areas vir verbetering gee, wat haar sal help om haar benadering meer effektief te maak.✓✓

(Enige ander toepaslike antwoord) (Enige 1 × 2) (2)

4.6 Familie-omgewing:

- Familie speel 'n beduidende rol om selfbeeld te vorm deur vroeë interaksie, , kommunikasiepatrone en familieverwagtings.✓✓
- Positiewe en ondersteunende familie-omgewings kan 'n gevoel van sekuri behorendheid en eiewaarde kweek, terwyl wanfunksionele en negatie familie-dinamiek tot gevoelens van onsekerheid of 'n lae selfbeeld kan bydra

Portuurgroepverhoudings:

- Portuurgroep beïnvloed eiewaarde deur terugvoering, sosiale vergelykings en geleenthede vir sosiale validering te bied.✓✓
- Positiewe portuurverhoudings kan eiewaarde en identiteitsontwikkeling 'n hupstoot gee.
- Portuurverwerping of afknouery kan 'n negatiewe uitwerking op selfpersepsie en selfvertroue hê.

Kultuur- en samelewingsnorme:

- Kultuur- en samelewingsnorme vir individue se selfkonsep deur verwagtings, rolle en identiteite binne bepaalde kulturele kontekste te vorm.
- Kulturele waardes, geslagsrolle, sosio-ekonomiese status, en ras- of etniese identiteit beïnvloed hoe individue hulself en hulle plek in die samelewing beskou.

Media- en sosiale invloede:

- Media, insluitende advertensies, films, televisie, en sosiale media, vorm individue se persepsies van skoonheid, sukses en identiteit.
- Blootstelling aan geïdealiseerde beelde en stereotipes in die media kan 'n invloed op selfbeeld, liggaamsbeeld, en selfbeeld hê, veral onder adolessente en jong volwassenes.

Opvoedkundige ervarings:

- Opvoedkundige omgewings, soos skoolervarings, akademiese ervarings en interaksie met onderwysers en portuurgroep, beïnvloed selfbeeldontwikkeling.
- Suksesse en mislukkings in akademiese situasies asook terugvoering van onderwysers en klasmaats kan 'n invloed op studente se persepsies van hul intelligensie, bekwaamheid en waarde hê.

Lewenservarings en trauma:

- Lewenservarings, insluitende traumatiese gebeure, mishandeling, of belangrike lewensoorgange, kan 'n invloed op selfbeeldontwikkeling hê.
- Positiewe ervarings soos prestasies, ondersteuning van mentors, en geleenthede vir persoonlik groei kan selfbeeld verbeter.
- Negatiewe ervarings kan tot gevoelens van ontoereikendheid, skaamte, of lae selfbeeld lei.

Persoonlike eienskappe en vermoëns:

- Individuele kenmerke, talente, vermoëns en persoonlikheidseienskappe kan tot selfbeeldontwikkeling bydra.

(4)

- Positiewe selfpersepsie in areas soos intelligensie, atletiese vermoëns, kreatiwiteit, of sosiale vaardighede kan selfbeeld en selfvertroue 'n hupstoot gee.
- Negatiewe selfpersepsie of tekortkomings kan tot selftwyfel of onsekerheid lei.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2)

4.7
- Individue met 'n hoë eiewaarde benader take met vertroue, wat tot beter akademiese prestasie lei.✓✓
- Individue met 'n hoë eiewaarde neem aktief aan aktiwiteite deel en stel ambisieuse doelwitte.✓✓
- Hoë eiewaarde moedig risiko-aanvaarding en innovering aan.
- Hulle is meer bereid om te eksperimenteer en kreatief te dink.
- Positiewe eiewaarde dien as buffer teen mislukking, en bevorder veerkragtigheid en 'n groei-ingesteldheid.
- Sterk eiewaarde verbeter oortuigings van self-effektiwiteit, en bevorder 'n benadering om take met selfvertroue aan te pak.
- Studente met hoë eiewaarde neem meer aktief aan leeraktiwiteite deel, wat tot 'n ryker leerervaring bydra.
- Studente met hoë eiewaarde demonstreer uithouvermoë en doelbereiking, en bly gefokus en vasberade ondanks uitdagings.
- Positiewe eiewaarde is noodsaaklik vir motivering, veerkragtigheid, en akademiese sukses, wat studente se houdings en gedrag positief vorm.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

4.8 Studente met lae eiewaarde kan verskillende gedragswyses toon wat hulle akademiese prestasie en persoonlike groei belemmer:

- Vermy uitdagings: Hulle kan van moeilike take wegskram, mislukking vrees of nie vertroue in hul eie vermoëns hê nie.✓✓
- Negatiewe selfgesprek: Hulle kan in selftwyfel en selfkritiek verval en hulle prestasies onderskat en sukses aan geluk eerder as inspanning toeskryf.✓✓
- Gebrek aan deelname: Hulle sal huiwerig wees om aan klasbesprekings deel te neem om om hulp te vra, omdat hulle bang is om voor ander mense foute te maak of dat ander hulle sal oordeel.
- Perfeksionisme: Hulle kan onrealistiese standaarde vir hulself stel, en baie krities oor hul eie werk wees en ontsteld raak wanneer hulle nie aan hul eie verwagtings voldoen nie.
- Vrees vir mislukking: Hulle kan dit vermy om risiko's te loop en verkies om ander se oordele oor hul waarde of intelligensie op grond van hulle foute te vermy.
- Sosiale vergelyking: Hulle kan hulself met ander vergelyk, wat tot gevoelens kan minderwaardigheid en onsekerheid oor hul eie vermoëns kan lei.
- Negatiewe lyftaal: Hulle kan negatiewe lyftaal toon, soos om gebukkend te slof of oogkontak te vermy, wat op lae selfvertroue en ongemaklikheid in sosiale situasies dui.

Kopiereg voorbehou

- Gebrek aan inisiatief: Hulle kan vir opdragte wag nie die inisiatief neem om self iets te verken nie, omdat hulle nie gemotiveerd is om aan selfbestuurde leer deel te neem nie.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

4.9 Onderwysers kan studente met 'n lae eiewaarde ondersteun deur die volgende strategieë te gebruik:

Skep 'n ondersteunende omgewing:
- Skep 'n inklusiewe klaskamer waar almal gerespekteer en waardeer voel.✓✓
- Moedig goedhartigheid aan en vat onmiddellik enige afknouery kort.

Gee nuttige terugvoering:
- Gee spesifieke terugvoering wat op studente se pogings en areas vir verbetering fokus, om hulle selfvertroue en motivering te verbeter.✓✓

Stel bereikbare doelwitte:
- Stel realistiese verwagtings op grond van elke student se vermoëns.
- Breek take in hanteerbare stappe op en bied ondersteuning waar nodig.

Bevorder groei-ingesteldheid:
- Onderrig die belangrikheid van inspanning en veerkragtigheid in leer, deur studente se strategieë eerder as hulle aangebore vermoëns te prys.

Fokus op sterkpunte:
- Identifiseer en koester studente se sterk punte en belangstellings om hulle selfvertroue en gevoel van prestasie te ontwikkel.

Onderrig hanteringsvaardighede:
- Rus student toe met strategieë om stres en negatiewe emosies te hanteer.

Moedig samewerking aan:
- Kweek 'n omgewing waar studente mekaar ondersteun deur middel van portuurgroep-mentorwerk en groepsaktiwiteite.

Bou verhoudings:
- Ontwikkel positiewe verhoudings met studente wat op respek en empatie gegrond is
- deur verpersoonlikte ondersteuning en aanmoediging te bied.

Bied ekstra ondersteuning:
- Verskaf addisionele hulpbronne soos berading of tutoriaaldienste aan student met lae eiewaarde.
- Werk met ander personeellede saam om effektief in hierdie leerders se behoeftes te voorsien.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)
[30]

VRAAG 5

5.1 Tilly se waarneming van haar klasmaats se gedrag is in ooreenstemming met waarnemingsleer, waar individue leer deur ander mense se optrede en gevolge waar te neem.✓✓ (2 × 1) (2)

5.2 Op grond van die waarneming van haar klasmaats, kan Tilly gedragswyses leer soos:

- deel✓✓
- samewerking✓✓
- vrygewigheid
- medelye
- vriendelikheid

omdat hierdie gedragswyses positief versterk word deur aandag en lof deur die portuurgroep.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)

5.3 Die aandag en lof wat Tilly se klasmaats kry wanneer hulle hul speelgoed deel, dien as positiewe versterking, en versterk die waarskynlikheid dat die gedrag in die toekoms herhaal sal word.✓✓ (1 × 2) (2)

5.4

- Operante leer is ‘n vorm van leer waar gedrag deur die gevolge daarvan beïnvloed word.✓✓
- Operante leer is ‘n tipe leer waar gedrag deur die gevolge daarvan gewysig word.
- In operante leer word gedrag wat positiewe gevolge het in die toekoms herhaal (positiewe versterking), terwyl gedrag wat negatiewe gevolge het (straf), onwaarskynlik herhaal sal word.
- Hierdie proses van leer deur versterking en straf stel individue in staat om hul gedrag by hulle omgewing aan te pas.
- ‘n Tipe leer waar vrywillige gedrag versterk word as dit (deur lof) versterk word en deur straf verswak word.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 1 × 2) (2)

5.5 5.5.1

- Straf: Straf is waar ‘n gevolg wat op gedrag volg, die waarskynlikheid dat daardie gedrag weer in die toekoms kan voorkom, verminder.✓✓
- Straf is waar bepaalde gedrag verswak word deur die gevolg, naamlik om ‘n negatiewe toestand te ervaar.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 1 × 2) (2)

5.5.2

- Vorming is ‘n proses waardeur komplekse gedragswyses aan ander geleer word.✓✓
- Vorming behels die versterking van gedrag wat al hoe nader aan die teikengedrag is, totdat die gewenste gedrag bereik word.

- Vorming is die proses om ‘n reeks reaksies te versterk, wat toenemend soos die gewenste eindgedrag lyk.
- Vorming is ‘n metode om ‘n totaal nuwe gedragswyse te skep deur belonings te gebruik om ‘n individu tot gewenste gedrag te lei.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 1 × 2) (2)

5.5.3
- Uitwissing kom voor wanneer ‘n voorheen versterkte gedragswyse nie meer tot versterking lei nie.✓✓
- In operante leer, indien ‘n gedragswyse nie meer tot ‘n versterkende gevolg lei nie, sal dit geleidelik al hoe minder gereeld voorkom, en uiteindelik so te sê verdwyn.
- Uitwissing is wanneer ‘n bepaalde gedragswyse verswak word deur die gevolg dat ‘n positiewe toestand nie meer ervaar word of ‘n negatiewe toestand beëindig word nie.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 1 × 2) (2)

5.5.4
- Versterking is ‘n gevolg van ‘n gedragswyse wat die waarskynlikheid verhoog dat daardie gedrag weer in die toekoms sal voorkom.✓✓
- Versterking is ‘n reaksie wat deur ‘n versterkende stimulus gevolg word, wat waarskynlik weer sal voorkom.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 1 × 2) (2)

5.6
- E-leer verwys na die gebruik van elektroniese toestelle en digitale tegnologie om oor ‘n afstand heen (‘remotely’) toegang tot opvoedkundige inhoud, hulpbronne en leerervarings te verkry.✓✓
- E-leer is ‘n leermetode wat elektroniese tegnologie benut om opvoedkundige inhoud te lewer en leer buite tradisionele klaskamersituasies moontlik te maak.
- E-leer behels ‘n wye verskeidenheid leeraktiwiteite wat deur digitale platforms uitgevoer word, soos aanlyn kursusse, virtuele klaskamers, interaktiewe modules, digitale simulasies, en multimedia-hulpbronne.
- E-leer stel leerders in staat om toegang tot opvoedkundige materiaal te verkry en oor ‘n afstand aan leerervarings deel te neem deur internet-geaktiveerde toestelle soos rekenaars, tablette en slimfone te gebruik.
- E-leer verwys na ‘n spesiale tipe onderwys waar leer en onderrig deur die gebruik van rekenaartegnologie moontlik gemaak word.
- E-leer is ‘n tipe leer wat deur middel van ‘n rekenaar met behulp van die internet plaasvind.
- E-leer is ‘n tipe leer wat deur middel van rekenaartegnologie moontlik gemaak en ondersteun word.
- E-leer is ‘n tipe leer wat elektroniese kommunikasie-, onderrig- en leermetodes behels.

(Enige TWEE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde) (Enige 1 × 2) (2)

5.7 Toeganklikheid:

- E-leer stel leerders in staat om deur middel van die internet van enige plek af te leer, en maak dit maklik om te studeer wanneer hulle wil.✓✓

Buigsaamheid:

- Leerders kan kies wanneer om te studeer en dit rondom hulle ander aktiwiteite soos werk of gesinstyd inpas.✓✓
- Leerders kan kursusse kies wat deur 'n instrukteur aangebied word, of selfstudiekursusse.
- Leerders kan hulpmiddels gebruik wat die beste by hul leerstyl pas.
- Leerders kan onderwerpe wat hulle reeds ken, oorslaan en fokus op dit waaroor hulle meer moet leer.
- Leerders kan teen hul eie tempo leer.

Kostedoeltreffendheid:

- E-leer spaar geld omdat leerders nie hoef te reis of handboeke hoef te koop nie, wat onderwys meer bekostigbaar maak. √√
- Materiaal kan afgelaai of aanlyn gelees word.
- Leerders kan uit 'n wye verskeidenheid pryse kies om by hul begroting te pas.

Pasmaking:

- E-leer pas aan by hoe leerders die beste leer, en fokus op wat hulle nodig het en van hou.

Verskeidenheid hulpbronne:

- E-leer bied aan leerders baie verskillende maniere van leer, bv. video's, speletjies, en besprekings, wat leer prettig en interessant maak.

Skaalbaarheid:

- E-leer help baie mense om gelyktydig te leer, sonder dat groot klaskamers of baie onderwysers nodig is, wat dit 'n goeie opsie vir almal maak.

Lewenslange leer:

- E-leer help leerders om regdeur hul lewens nuwe dinge te leer, met veranderings tred te hou en sodoende slim, vaardig en geskoold te bly.
- Verbeter 'n leerder se rekenaar- en internetvaardighede.

Gerief:

- Studente kan volgens hul eie skedule beplan en toegang tot die kursusse verkry.

Bywoning:

- Geen fisiese bywoning in klaskamers is nodig nie.

Leertempo:

- Die leerder kan teen 'n tempo werk wat hom/haar die beste pas.

Tydbeperkings:

- Die leerder is nie aan tyd gebonde nie – kan so vinnig of stadig gaan as wat hulle verkies.

Ligging:

- Die leerder kan van enige plek af studeer – nie aan een spesifieke plek gebonde nie.

Kursuskeuse:

- Leerders kan uit 'n wye verskeidenheid kursusse kies.

Kopiereg voorbehou

Leerderdinamika:
- Leerders kan hul onderwys voortsit ongeag ouderdom, wanneer hulle ouers word of voltyds werk.

Retensiekoers:
- Aanlyn leer behels gewoonlik onderwerpe waarvan leerders hou en wat hulle geniet, en hulle sal dus meer waarskynlik die inligting onthou.

Samewerking:
- Rekenaartegnologie en -hulpmiddels maak samewerking en kommunikasie moontlik.

Persoonlike ontwikkeling:
- Voltooiing van aanlyn kursusse sal ‘n leerder se selfkennis en selfvertroue verbeter.

Wêreldwye geleenthede:
- Stel leerders in staat om dosente en studente van regoor die wêreld te ontmoet.

Leerstyle:
- E-leer fasiliteer verskillende leerstyle deur ‘n verskeidenheid aktiwiteite, d.w.s. onafhanklik of deur kontak met dosente/fasiliteerders.
- E-leer akkommodeer al drie leerstyle, naamlik visueel, ouditief en kinesteties.

Leerderbehoeftes:
- ‘n Leerder kan volgens sy/haar eie vlak, behoeftes en vermoëns werk.

Groot aantal:
- E-leer maak dit moontlik vir ‘n groot aantal leerders om gelyktydig te studeer, wat die koste verlaag.

Assesserings:
- Toetse en assesserings word in die programme ingebou en leerders ontvang onmiddellik terugvoering.

Leermateriaal:
- Wanneer die aanlyn materiaal eers geïnstalleer is, kan dit hergebruik word.

Relevante inhoud:
- Leerders kan inhoudsmateriaal met situasies in die regte lewe in verband bring, wat leer vir hulle meer relevant maak.

(Enige DRIE van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 3 × 2) (6)

5.8 Informele leer

- Informele leer kom natuurlik in die alledaagse lewe voor, is buigsaam en selfbestuurd, en behels dikwels leer uit ervarings en interaksie met ander.✓✓
- Informele leer is leer wat plaasvind bykomstig tot dit wat in georganiseerde werkswinkels, klasse of onderrig geleer word.

Formele leer

- Formele leer is gestruktureerd, word deur onderwysers gelei, en vind plaas in toegewese opvoedkundige situasies, met gedefinieerde doelwitte, assesserings, en leeruitkomste.✓✓
- Formele leer sluit die hiërargies gestruktureerde skoolstelsel in, van primêre skool tot by universiteit.

(Enige EEN van bogenoemde of ander toepaslike antwoorde)
(Enige 2 × 2) (4)
[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou